



STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 1331

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 10c PRICE

OORSEE 15c OVERSEAS
POSVRY—POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 1331

Registered at the Post Office as a Newspaper

VOL. 63]

PRETORIA, 18 SEPTEMBER 1970

[No. 2814

PROKLAMASIES

*van die Staatspresident van die Republiek
van Suid-Afrika*

No. R. 225, 1970

**DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN DIE
WYSIGINGSWET OP NYWERHEIDSVERSOENING,
1970 (WET 21 VAN 1970).**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *nege* van die Wysigingswet op Nywerheidsversoening, 1970 (Wet 21 van 1970), verklaar ek hierby dat genoemde Wet op die eerste dag van Oktober 1970 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Derde dag van September Eenduisend Negehonderd-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

M. VILJOEN.

No. R. 226, 1970

**VEREISTES WAARAAN UIE BESTEM VIR UIT-
VOER MOET VOLDOEN.—HERROEPING**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 6 van die Wet op Uitvoer van Landbouprodukte, 1959 (No. 10 van 1959), herroep ek hierby Proklamasie R. 46 van 1960 behalwe vir sover dit uie tot 'n landbouproduk vir die doeleindes van genoemde Wet en enige regulasie daarkragtens uitgevaardig, verklaar.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Negende dag van September Eenduisend Negehonderd-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

D. C. H. UYS.

A—53203

PROCLAMATIONS

*by the State President of the Republic
of South Africa*

No. R. 225, 1970

**DATE OF COMING INTO OPERATION OF THE
INDUSTRIAL CONCILIATION AMENDMENT
ACT, 1970 (ACT 21 OF 1970)**

Under the powers vested in me by section *nine* of the Industrial Conciliation Amendment Act, 1970 (Act 21 of 1970), I do hereby declare that the said Act shall come into operation on the first day of October 1970.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Third day of September, One thousand Nine hundred and Seventy.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

M. VILJOEN.

No. R. 226, 1970

**REQUIREMENTS TO WHICH ONIONS INTENDED
FOR EXPORT SHALL CONFORM.—REVOCATION**

Under the powers vested in me by section 6 of the Agricultural Produce Export Act, 1959 (No. 10 of 1959), I hereby repeal Proclamation R. 46 of 1960 except in so far as it declares onions to be agricultural produce for the purposes of the said Act and any regulation made thereunder.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Ninth day of September, One thousand Nine hundred and Seventy.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

D. C. H. UYS.

1—2814

GOEWERMENSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. R. 1528 18 September 1970

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

WAS-, SKOONMAAK- EN KLEURNYWERHEID (KAAP)

VERLENGING VAN GELDIGHEDSDUUR VAN HOOFDOORENKOMS

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verleng hierby kragtens artikel 48 (4) (a) (i) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, die tydperke vasgestel in Goewermenskennisgewings R. 1481 van 22 September 1967 en R. 1821 van 4 Oktober 1968, met 'n verdere tydperk van drie maande wat op 1 Januarie 1971 eindig.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

No. R. 1529 18 September 1970

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

WASSERY-, DROOGSKOONMAAK- EN KLEUR- BEDRYF, TRANSVAAL

VERLENGING VAN GELDIGHEDSDUUR VAN GEBEURLIKHEIDSFONDSOORENKOMS

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verleng hierby kragtens artikel 48 (4) (a) (i) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, die tydperke vasgestel in Goewermenskennisgewings R. 1838 van 17 November 1967, R. 3532 van 17 Oktober 1969 en R. 446 van 20 Maart 1970, met 'n verdere tydperk van ses maande wat op 31 Maart 1971 eindig.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

No. R. 1543 18 September 1970

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

WYSIGING VAN REGULASIES

Die Staatspresident het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 81 van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956 (Wet 28 van 1956), met ingang van die eerste dag van Oktober 1970, die regulasies gepubliseer by Goewermenskennisgewing R. 235 van 21 Februarie 1964, soos gewysig by Goewermenskennisgewing R. 2024 van 15 Desember 1966, Goewermenskennisgewing R. 443 van 22 Maart 1968 en Goewermenskennisgewing R. 1334 van 21 Augustus 1970, verder gewysig deur ná regulasie 13 die volgende regulasie by te voeg:

14. Opleidingskemas Kragtens Artikel 48 A

(1) Die bepalings van regulasie 5 (5), (6), (8), (9), (10), (11), (13), (15) en (16), regulasie 8 (1), (4) en (5) en regulasie 11 is *mutatis mutandis* ten opsigte van 'n skema in artikel 48 A beoog of 'n aangeleentheid in verband met sodanige skema van toepassing vir sover sodanige bepalings aldus toegepas kan word.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF LABOUR

No. R. 1528 18 September 1970

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

LAUNDRY, CLEANING AND DYEING INDUSTRY (CAPE)

EXTENSION OF PERIOD OF OPERATION OF MAIN AGREEMENT

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby in terms of section 48 (4) (a) (i) of the Industrial Conciliation Act, 1956, extend the periods fixed in Government Notices R. 1481 of 22 September 1967 and R. 1821 of 4 October 1968, by a further period of three months ending on 1 January 1971.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

No. R. 1529 18 September 1970

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

LAUNDRY, DRY CLEANING AND DYEING TRADE, TRANSVAAL

EXTENSION OF PERIOD OF OPERATION OF CONTINGENCY FUND AGREEMENT

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby in terms of section 48 (4) (a) (i) of the Industrial Conciliation Act, 1956, extend the periods fixed in Government Notices R. 1838 of 17 November 1967, R. 3532 of 17 October 1969 and R. 446 of 20 March 1970, by a further period of six months ending on 31 March 1971.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

No. R. 1543 18 September 1970

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

AMENDMENT TO REGULATIONS

The State President has, under the powers vested in him by section 81 of the Industrial Conciliation Act, 1956 (Act 28 of 1956), with effect from the first day of October, 1970, further amended the regulations published under Government Notice R. 235 of 21 February 1964, as amended by Government Notice R. 2024 of 15 December 1966, Government Notice R. 443 of 22 March 1968, and Government Notice R. 1334 of 21 August 1970 by the addition of the following regulation after regulation 13:

14. Training Schemes in Terms of Section 48 A

(1) The provisions of regulation 5 (5), (6), (8), (9), (10), (11), (13), (15) and (16), regulation 8 (1), (4) and (5) and regulation 11 shall *mutatis mutandis* apply in respect of any scheme contemplated in section 48 A or any matter connected with such scheme in so far as such provisions can be so applied.

(2) By die toepassing van subregulasie (1)—

(a) word 'n verwysing na 'n nywerheidsraad in regulasie 5 (5), (6) en (8), uitgelê as 'n verwysing na 'n groep of vereniging van werkgewers in artikel 48 A (1) beoog;

(b) word 'n verwysing na 'n nywerheidsraad in 'n ander bepaling van hierdie regulasies in subregulasie (1) vermeld, uitgelê as 'n verwysing na 'n bestuursliggaam in artikel 48 A (1) beoog.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ONDERWYS

No. R. 1532

18 September 1970

STATUUT VAN DIE UNIVERSITEIT VAN ZOELOELAND

Die Minister van Bantoe-onderwys het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 33 (2) van die Wet op die Universiteit van Zoeloeland, 1969 (Wet 43 van 1969), onderstaande statuut van die Universiteit van Zoeloeland goedgekeur.

STATUUT

Woordomskrywing

1. In hierdie statuut beteken "die Wet" die Wet op die Universiteit van Zoeloeland, 1969 (Wet 43 van 1969), en tensy uit die samehang anders blyk, het 'n uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg is, die betekenis aldus daaraan geheg.

Kanselier

Wyse van verkiesing

2. (1) Nominasie van 'n kandidaat vir verkiesing as kanselier moet per brief geskied en moet deur minstens twee raadslede onderteken word.

(2) Elke nominasie moet vergesel gaan van 'n dokument waarin die genomineerde persoon sy gewilligheid om nominasie te aanvaar, te kenne gee.

(3) Nominasies moet die registrateur minstens 14 dae voor die datum van die verkiesing bereik.

(4) By ontvangs van sodanige nominasies stel die registrateur onmiddellik elke lid van die raad daarvan in kennis.

(5) Die kanselier word gekies op 'n vergadering van die raad by wyse van geslote stembriewe.

(6) Die kandidaat ten gunste van wie 'n meerderheid stemme van die totale aantal dienende lede van die raad uitgebring is, word deur die persoon wat op die betrokke vergadering voorsit, behoorlik verkose verklaar.

Bevoegdhede en ampstermyn

3. (1) Die kanselier is die titulêre hoof van die Universiteit en ken, behoudens die bepalings van die Wet, alle grade namens die Universiteit toe.

(2) Die kanselier beklee sy amp vir 'n termyn van sewe jaar, tensy hy voor die verstryking van dié termyn bedank of op versoek van die raad deur die Minister afgesit word om 'n rede wat die Minister voldoende ag.

Vakature

4. Wanneer die amp van kanselier vakant word, gee die registrateur aan elke lid van die raad kennis van sodanige vakature, en kies die raad so gou doenlik 'n nuwe kanselier soos in paragraaf 2 voorgeskryf.

(2) For the purposes of subregulation (1)—

(a) any reference to an industrial council in regulation 5 (5), (6) and (8), shall be construed as a reference to a group or association of employers contemplated in section 48 A (1);

(b) any reference to an industrial council in any other provision of the regulations specified in subregulation (1), shall be construed as a reference to an administering body contemplated in section 48 A (1).

DEPARTMENT OF BANTU EDUCATION

No. R. 1532

18 September 1970

STATUTE OF THE UNIVERSITY OF ZULULAND

The Minister of Bantu Education has, by virtue of the powers vested in him by section 33 (2) of the University of Zululand Act, 1969 (Act 43 of 1969), approved the following statute of the University of Zululand.

STATUTE

Definitions

1. In this statute "the Act" shall mean the University of Zululand Act, 1969 (Act 43 of 1969), and unless the context otherwise indicates, any expression to which a meaning has been assigned in the Act, shall have the meaning so assigned thereto.

Chancellor

Mode of election

2. (1) Nomination of any candidate for election as chancellor shall be by letter and shall be signed by at least two members of the council.

(2) Each nomination shall be accompanied by a document in which the person nominated signifies his willingness to accept nomination.

(3) Nominations shall reach the registrar at least 14 days before the date of the election.

(4) On receipt of such nominations the registrar shall immediately notify each member of the council of such nominations.

(5) The chancellor shall be elected by ballot at a meeting of the council.

(6) The candidate in whose favour a majority of votes of the total number of serving members of the council is recorded, shall be declared duly elected by the person presiding at the meeting.

Powers and period of office

3. (1) The chancellor shall be the titular head of the University and shall, subject to the provisions of the Act, confer all degrees in the name of the University.

(2) The chancellor shall hold office for a period of seven years, unless before the expiry of such period he resigns or is at the request of the council removed from office by the Minister for a reason which the Minister deems sufficient.

Vacancy

4. Whenever the office of chancellor becomes vacant, the registrar shall notify each member of the council of such vacancy, and the council shall as soon as possible elect a new chancellor as prescribed in paragraph 2.

DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE

No. R. 1530

18 September 1970

WYSIGING VAN DIE GEVANGENISREGULASIES

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 94 van die Wet op Gevangenis, 1959 (Wet 8 van 1959), soos gewysig, goed te keur dat die Gevangenisregulasies uitgevaardig by Goewermenskennisgewing R. 2080 van 31 Desember 1965, soos volg gewysig word:

1. Regulasie 1 word gewysig deur—

(I) die vervanging van subregulasie (1) (viii) (a) en (b) deur die volgende:

“(viii) ‘huishouding’—

(a) die vrou van ’n lid of spesiale bewaarder en/of ’n nie-selfonderhoudende kind wat permanent by hom inwoon; en/of

(b) ’n familielid van ’n lid of spesiale bewaarder wat permanent by hom inwoon en noodsaaklikerwys van hom afhanklik is en wie se inkomste nie die toepaslike maksimum bedrag voorgeskryf by regulasies uitgevaardig kragtens die Wet op Bejaarde Persone, 1967 (Wet 81 van 1967), soos gewysig, met uitsluiting van die toelae van ’n oppasser betaalbaar kragtens artikel 2 (c) van genoemde Wet, oorskry nie; asook”;

(II) die invoeging van die volgende nuwe subregulasie (ixA) na subregulasie (1) (ix):

“(ixA) ‘kamptoeelae’, betaling wat bedoel is om ’n lid of spesiale bewaarder te vergoed vir—

(a) redelike uitgawes wat hy, benewens sy normale bestaansuitgawes by sy tuiste, noodwendig aan items wat by herberg inbegrepe is en wat nie deel uitmaak van die kampuitrusting wat van regeringsweë aan hom verskaf word nie, aangaan wanneer hy in amptelike diens van sy hoofkwartier afwesig is; en

(b) die ongerief verbonde aan kamplewe; (iiA)”;

(III) die invoeging van die volgende nuwe subregulasie (xiiA) na subregulasie (1) (xii):

“(xiiA) ‘nie-Blanke owerheid’, die regering van ’n gebied wat by ’n wet van die Parlement tot ’n self-regerende gebied binne die Republiek verklaar is of word, ’n wetgewende raad of owerheid bedoel in die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturelle volke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968), ’n Bantoe-owerheid bedoel in die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet 68 van 1951), of ’n raad of liggaam ingestel by of kragtens ’n wet van die Parlement wat met uitvoerende gesag ten opsigte van ’n bepaalde nie-Blanke bevolkingsgroep bekleed is; (xvA)”;

(IV) die skraping van subregulasie (1) (xv) in geheel.

2. Regulasie 15 word gewysig deur—

(I) die vervanging van die punt deur ’n kommapunt waar dit aan die einde van subregulasie (1) (a) (ii) voorkom;

(II) die invoeging van die volgende nuwe subregulasie (iii) na subregulasie (1) (a) (ii):

“(iii) hom onderwerp aan ’n geneeskundige of ander ondersoek om vas te stel of enige besmetting van ’n aansteeklike siekte plaasgevind het of dat ’n lid of spesiale bewaarder geïmmuniseer word teen ’n aansteeklike siekte om ’n epidemie te voorkom: Met dien verstande dat ’n lid of spesiale bewaarder wat vanweë geloofs- of gewetensoortuiging nie van geneeskundige dienste gebruik maak nie, op aansoek van sodanige ondersoek of immunisering vrygestel kan word.”;

DEPARTMENT OF PRISONS

No. R. 1530

18 September 1970

AMENDMENT OF THE PRISON REGULATIONS

The State President has been pleased, under the powers vested in him by section 94 of the Prisons Act, 1959 (Act 8 of 1959), as amended, to approve that the Prison Regulations, published under Government Notice R. 2080 of 31 December 1965, be amended as follows:

1. Regulation 1 is amended by—

(I) inserting the following after subregulation (1) (ii):

“(iiA) ‘camping allowance’ means payment designed to compensate a member or special warder in respect of—

(a) reasonable expenses necessarily incurred by him on items which are included in accommodation and which are not part of the camping equipment provided officially while absent from his headquarters on official duty, over and above his normal living expenses at his home; and

(b) the inconvenience attached to camp life; (ixA)”;

(II) substituting the following for subregulation (1) (x) (a) and (b):

“(x) ‘household’ means—

(a) the wife of a member or special warder and/or a non-selfsupporting child who is permanently resident with him; and/or

(b) a relative of a member or special warder who is permanently resident with and necessarily dependent on him and whose income does not exceed the appropriate maximum amount prescribed by regulations promulgated in terms of the Aged Persons Act, 1967 (Act 81 of 1967), as amended, excluding the attendant's allowance payable in terms of section 2 (c) of the said Act, and”;

(III) inserting the following after subregulation (1) (xv):

“(xvA) ‘non-White authority’ means the government of a territory which has been or is declared by an Act of Parliament to be a self-governing territory within the Republic, a legislative assembly or authority referred to in the Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968), a Bantu authority referred to in the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951), or a board or body instituted by or in terms of an Act of Parliament, in which is vested the executive authority in respect of a specific non-White population group; (xiiA)”;

(IV) deleting subregulation (1) (xix) completely.

2. Regulation 15 is amended by—

(I) substituting a semicolon for the full stop where it appears at the end of subregulation (1) (a) (ii);

(II) inserting the following new subregulation (iii) after subregulation (1) (a) (ii):

“(iii) to submit to a medical or other examination to determine whether any infection of a contagious disease occurred or that a member or special warder be immunised against a contagious disease to prevent an epidemic: Provided that a member or special warder who does not make use of medical services on grounds of religious or conscientious objections, may be exempted on application from such examination or immunisation.”;

(III) die invoeging van die woorde "of immunisering" tussen die woorde "ondersoek" en "word" waar dit in die eerste reël van subregulasie (1) (b) voorkom.

3. Regulasie 58 word gewysig deur—

(I) die skapping van die woorde "die protektorate" en "Suid-Rhodesië" waar dit in die eerste twee reëls van subregulasie (1) voorkom;

(II) die invoeging van die woorde "Rhodesië, Lesotho, Botswana, Swaziland" voor die woord "en" waar dit in die tweede reël van subregulasie (1) voorkom;

(III) die vervanging van die uitdrukking "die minimum kerf van die salarisskaal verbonde aan 'n pos van 'n Blanke Hoofbewaarder" met die bedrag "R1 920" waar dit in die regulasie voorkom.

4. Regulasie 64 word gewysig deur—

(I) die vervanging van subregulasie (3) (g) deur die volgende:

"(g) As 'n lid of spesiale bewaarder wat 'n huis of woonstel wat hy self ten volle of gedeeltelik gemeubileer het, by of in die omgewing van die hoofkwartier waarvandaan hy oorgeplaas word, bewoon het, sy persoonlike besittings laat opberg of na 'n huis of woonstel by of in die omgewing van die hoofkwartier waarheen hy oorgeplaas word, verskuif, kan die Kommissaris in die geval van 'n Blanke lid of spesiale bewaarder aan hom 'n bedrag van eenhonderd rand en in die geval van 'n nie-Blanke lid of spesiale bewaarder aan hom 'n bedrag van vyftig rand betaal ten opsigte van waardevermindering van persoonlike besittings en ter dekking van uitgawes wat uit sy oorpasing voortspruit, uitgesonderd dié waarvoor elders in hierdie regulasies voorsiening gemaak word: Met dien verstande dat die Kommissaris na goeddunke 'n kleiner bedrag kan betaal indien die omstandighede na sy mening nie die betaling van 'n bedrag van eenhonderd rand in die geval van 'n Blanke lid of spesiale bewaarder of 'n bedrag van vyftig rand in die geval van 'n nie-Blanke lid of spesiale bewaarder regverdig nie."

5. Regulasie 85 word gewysig deur—

(I) die vervanging van subregulasie (1) deur die volgende:

"85. (1) As 'n lid of spesiale bewaarder 'n nominasie of rekwisisie aanvaar as kandidaat vir verkiesing tot lid van—

(a) die parlement, enige provinsiale raad, die wetgewende vergadering van die gebied; of

(b) 'n afdelingsraad, stadsraad, munisipale raad, dorpsbestuur, gesondheidskomitee, bestuurs- of raadplegende komitee, plaaslike bestuur of skoolraad; of

(c) 'n nie-Blanke owerheid,

word hy, behoudens die bepalings van subregulasie (2) (b) en (c), geag vrywillig uit die Gevangenisdiens te getree het met ingang van die datum waarop hy sodanige nominasie of rekwisisie aanvaar het."

(II) die vervanging van subregulasie (2) deur die volgende:

"(2) Ondanks die bepalings van subregulasie (1) kan 'n lid of spesiale bewaarder—

(a) wat onmiddellik voor die datum van inwerking-treding van hierdie regulasie 'n lid was van 'n in subregulasie (1) (b) bedoelde raad, komitee of bestuur, lid van sodanige raad, komitee of bestuur bly vir 'n onverstreke gedeelte van die termyn waarvoor hy verkies was;

(III) inserting the words "or immunisation" between the words "examination" and "shall" where they appear in the first line of subregulation (1) (b).

3. Regulation 58 is amended by—

(I) deleting the words "the protectorates" and "Southern Rhodesia" where they appear in the first two lines of subregulation (1);

(II) inserting the words "Rhodesia, Lesotho, Botswana, Swaziland" before the word "and" where it appears in the second line of subregulation (1);

(III) substituting the amount "R1,920" for the expression "the minimum notch of the scale attaching to a post of a White Head Warder" where it appears in this regulation.

4. Regulation 64 is amended by—

(I) substituting the following new subregulation for subregulation (3) (g):

"(g) If any member or special warder who occupied a house or flat, wholly or partly furnished by himself at or in the vicinity of the headquarters from where he is transferred, stores his personal effects or removes such effects to a house or flat at or in the vicinity of the headquarters to which he is transferred, the Commissioner may, in the case of a White member or special warder, pay to him an amount of one hundred rand and in the case of a non-White member or special warder, an amount of fifty rand in respect of depreciation of personal effects and to meet the expenses arising from his transfer, other than those for which provision is made elsewhere in these regulations: Provided that the Commissioner may, at his discretion, pay a lesser amount if he considers that the circumstances do not justify the payment of an amount of one hundred rand in the case of a White member or special warder or an amount of fifty rand in the case of a non-White member or special warder."

5. Regulation 85 is amended by—

(I) substituting the following new subregulation for subregulation (1):

"85. (1) If a member or special warder accepts a nomination or requisition as candidate for election as a member of—

(a) parliament, any provincial council, the legislative assembly of the territory; or

(b) a divisional council, city council, municipal council, village management or consultative committee, local authority or school board; or

(c) a non-White authority,

he shall, subject to the provisions of subregulation (2) (b) and (c), be deemed to have voluntarily retired from the Prisons Service with effect from the date on which he accepted such nomination or requisition."

(II) substituting the following new subregulation for subregulation (2):

"(2) Notwithstanding the provisions of subregulation (1), a member or special warder—

(a) who, immediately prior to the date of the coming into operation of this regulation, was a member of a council, committee, board or authority mentioned in subregulation (1) (b) may remain a member of such council, committee, board or authority for the unexpired portion of the period for which he has been elected;

(b) met die toestemming van die Minister 'n aanstelling, nominasie of rekwisisie as kandidaat vir verkiesing tot lid van 'n in subregulasie (1) (b) bedoelde raad, komitee of bestuur aanvaar as die Minister oortuig is dat daar nie inbreuk op die lid of spesiale bewaarder se ampspligte gemaak sal word nie;

(c) met die toestemming van die Minister 'n aanstelling, nominasie of rekwisisie as kandidaat vir verkiesing tot lid van 'n nie-Blanke owerheid aanvaar op die voorwaardes wat die Tesourie op aanbeveling van die Staatsdienskommissie goedkeur.”;

(III) die vervanging van subregulasie (3) deur die volgende:

“(3) As 'n geskil ontstaan tussen die Regering en 'n in subregulasie (2) bedoelde raad, komitee of bestuur, mag 'n lid of spesiale bewaarder wat lid is van sodanige raad, komitee of bestuur nie aan die bespreking of stemming oor daardie geskilpunt deelneem nie.”.

6. Regulasie 99 word gewysig deur—

(I) die skraping van subregulasie (7) (a), (c) en (d);

(II) die vervanging van die woorde “Die oorkonde van die verrigtings in paragraaf (a) gemeld, moet deur” met “Wanneer die Kommissaris die notule van verhoor kragtens artikel 56 (5) van die Wet aanvra, moet” waar dit in die eerste twee reëls van subregulasie (7) (b) voorkom;

(III) die vervanging van die woord “oorkonde” met “notule van verhoor” waar dit in die vierde reël van subregulasie (7) (b) voorkom;

(IV) die hernommering van subregulasie (7) (b) na (7).

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 1531

18 September 1970

REGULASIES TER REËLING VAN DIE UITVOER VAN SITRUSVRUGTE UIT DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.—WYSIGING

Die Staatspresident het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 8 van die Wet op Uitvoer van Vrugte, 1957 (No. 27 van 1957), die regulasies ter reëling van die uitvoer van sitrusvrugte uit die Republiek, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 549 van 3 April 1970, gewysig soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

BYLAE

Die Bylae van Goewermentskennisgewing R. 549 van 3 April 1970, word hierby soos volg gewysig:

1. Die woord “Kommoditeitsdienste” waar dit ook al voorkom word hierby deur die woord “Inspeksiedienste” vervang.

2. Die inhoudsopgawe word hierby gewysig deur die uitdrukking “Merk van houers.....28—31” deur die uitdrukking “Merkvereistes.....28—31A” te vervang.

3. Regulasie 1 word hierby gewysig deur die omskrywing van “bederf” deur die volgende omskrywing te vervang:

“‘bederf’, 'n toestand waar verrotting of swamontwikkeling voorkom of waar tekens van verval van die weefsel voorkom as gevolg van 'n besering veroorsaak deur insekte.”.

(b) may, with the permission of the Minister, accept an appointment, nomination or requisition as candidate for election as a member of a council, committee, board or authority mentioned in subregulation (1) (b) if the Minister is satisfied that there will be no interference with the member's or special warder's official duties;

(c) may, with the permission of the Minister, accept appointment, nomination or requisition as candidate for election as a member of a non-White authority on such conditions as the Treasury may approve on the recommendation of the Public Service Commission.”;

(III) substituting the following new subregulation for subregulation (3):

“(3) In the event of a question arising between the Government and a council, committee, board or authority mentioned in subregulation (2) a member or special warder who is a member of such council, committee, board or authority shall not take part in the discussion or give any vote on that question.”.

6. Regulation 99 is amended by—

(I) deleting subregulation (7) (a), (c) and (d);

(II) substituting the following new subregulation for subregulation (7) (b):

“(b) Whenever the Commissioner requests that the record of the trial be submitted to him in terms of section 56 (5) of the Act, the record shall be transmitted by the Commanding Officer to the Commissioner within seven days of the receipt of the request, and such record shall be accompanied by a written statement by the trial commissioned officer showing—

(i) the facts he found to be proved; and

(ii) his reasons for conviction and the sentence imposed.”;

(III) renumbering subregulation (7) (b) to (7).

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 1531

18 September 1970

REGULATIONS FOR REGULATING THE EXPORT OF CITRUS FRUIT FROM THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.—AMENDMENT

The State President has, under the powers vested in him by section 8 of the Fruit Export Act, 1957 (No. 27 of 1957), amended the regulations for regulating the export of citrus fruit from the Republic, published by Government Notice R. 549 of 3 April 1970, as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

The Schedule to Government Notice R. 549 of 3 April 1970, is hereby amended as follows:

1. The expression “Inspection Services” is hereby substituted for the expression “Commodity Services” wherever it occurs.

2. The table of contents is hereby amended by the substitution for the expression “Marking of containers28—31” of the expression “Marking requirements28—31A.”.

3. Regulation 1 is hereby amended by the substitution for the definition of “Wastage” of the following definition:

“‘wastage’ means a condition where decay or fungus development is present or where signs of collapse of the tissue are present or where signs of collapse of the tissue are present due to injury caused by insects.”.

4. Regulasie 4 word hierby gewysig deur in die Engelse teks van subregulasie (2) na die woord "inspected" die woorde "and approved for export" in te voeg.

5. Regulasie 7 word hierby gewysig deur in subregulasie (1) die uitdrukkings "R21" en "R5" waar dit ookal voorkom deur die uitdrukkings "R25" en "R12" onderskeidelik te vervang.

6. Regulasie 10 (5) word hierby gewysig deur die tabel vir "Tomangos" deur die volgende tabel te vervang:

Lemoene wat uitgevoer word onder die variëteitsbenaming—	Nommer van reeks minimum vereistes	Minimum persentasie sap	Minimum persentasie totale oplosbare vastestof	Minimum persentasie suur	Minimum verhouding van totale oplosbare vastestowwe tot suur
(c) "Tomangos".....	1	52	9.0	0.70	7.0:1
	2	51	9.5	0.75	7.3:1
	3	50	10.0	0.80	7.6:1
	4	49	10.5	0.85	7.9:1
	5	48	11.0	0.85	8.2:1
	6	54	8.9	0.70	7.3:1
	7	56	8.8	0.70	7.5:1
	8	56	8.7	0.70	7.8:1
	9	56	8.6	0.70	8.2:1
	10	54	9.3	0.65	7.0:1
	11	56	9.6	0.60	7.0:1
	12	53	9.5	0.70	6.9:1
	13	54	10.0	0.70	6.8:1
	14	55	10.5	0.70	6.7:1
	15	56	11.0	0.70	6.6:1

Oranges exported under the variety designation—	Number of series of minimum requirements	Minimum percentage juice	Minimum percentage total soluble solids	Minimum percentage acid	Minimum total soluble solids to acid ratio
(c) "Tomangos".....	1	52	9.0	0.70	7.0:1
	2	51	9.5	0.75	7.3:1
	3	50	10.0	0.80	7.6:1
	4	49	10.5	0.85	7.9:1
	5	48	11.0	0.85	8.2:1
	6	54	8.9	0.70	7.3:1
	7	56	8.8	0.70	7.5:1
	8	56	8.7	0.70	7.8:1
	9	56	8.6	0.70	8.2:1
	10	54	9.3	0.65	7.0:1
	11	56	9.6	0.60	7.0:1
	12	53	9.5	0.70	6.9:1
	13	54	10.0	0.70	6.8:1
	14	55	10.5	0.70	6.7:1
	15	56	11.0	0.70	6.6:1

7. Deel V word hierby gewysig deur die opskrif "MERK VAN HOUERS" deur die opskrif "MERK-VEREISTES" te vervang.

8. Regulasie 30 (a) (iv) word hierby gewysig deur subparagrafe (aa) en (bb) deur die volgende subparagrafe te vervang:

"(aa) wat minder as sewe pitte per vrug bevat: 'Tomangos' of 'Proteas';

(bb) wat sewe of meer maar minder as tien volgroeiende pitte per vrug bevat: 'Proteas'".

9. Die volgende regulasie word hierby na regulasie 31 ingevoeg:

"Merk van Individuele Vrugte"

31A. (1) Indien die individuele vrugte in 'n besending pomelo's of lemoene (uitgesonderd Disas) of tellinggroep daarvan, met 'n identifiseringsmerk gestempel is, moet minstens 80 persent van die aantal vrugte in die besending of tellinggroep, na gelang van die geval, duidelik, netjies en leesbaar gestempel wees met minstens 70 persent van die aantal letters waaruit sodanige identifiseringsmerk bestaan: Met dien verstande dat nie meer as 10 persent van die aantal vrugte sonder enige leesbare afdruk van sodanige identifiseringsmerk of deel daarvan mag wees nie.

4. Regulation 4 is hereby amended by the insertion in subregulation (2) after the word "inspected" of the words "and approved for export".

5. Regulation 7 is hereby amended by the substitution in subregulation (1) for the expressions "R21" and "R5" wherever they occur of the expressions "R25" and "R12" respectively.

6. Regulation 10 (5) is hereby amended by the substitution for the table for "Tomangos" of the following table:

7. Part V is hereby amended by the substitution for the heading "MARKING OF CONTAINERS" of the heading "MARKING REQUIREMENTS".

8. Regulation 30 (a) (iv) is hereby amended by the substitution for subparagraphs (aa) and (bb) of the following subparagraphs:

"(aa) Which contain less than seven seeds per fruit: 'Tomangos' or 'Proteas';

(bb) which contain seven or more but less than ten mature seeds per fruit: 'Proteas'".

9. The following regulation is hereby inserted after regulation 31:

"Marking of Individual Fruit"

31A. (1) If the individual fruit in a consignment of grapefruit or oranges (excluding Disas) or count group thereof, is stamped with an identity mark, not less than 80 per cent of the number of fruit in the consignment or count group, as the case may be, shall be stamped clearly, neatly and legibly with not less than 70 per cent of the number of letters constituting such identity mark: Provided that not more than 10 per cent of the number of fruit shall be without any legible impression of such identity mark or part thereof.

(2) Indien die individuele vrugte in 'n besending suurmoeë of tellingsgroep daarvan, met 'n identifiseringsmerk gestempel is, moet minstens 50 persent van die aantal vrugte in die besending of tellingsgroep, na gelang van die geval, duidelik en leesbaar gestempel wees met minstens 70 persent van die aantal letters waaruit sodanige identifiseringsmerk bestaan: Met dien verstande dat nie meer as 15 persent van die aantal vrugte sonder enige leesbare afdruk van sodanige identifiseringsmerk of deel daarvan mag wees nie."

10. Regulasie 32 word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepaling van subregulasie (2) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

"Met dien verstande dat—

(a) in die geval van 'n houer wat minder as 50 vrugte bevat, die totale aantal vrugte in sodanige houer geag word 'n ewekansige monster te wees; en

(b) ten opsigte van bederf, alle vrugte in die houer ondersoek moet word."

11. Regulasie 33 word hierby gewysig deur na subregulasie (3) die volgende subregulasie by te voeg:

"(4) Indien meer as een monster van 'n besending, of tellingsgroep daarvan, getoets word en die gemiddelde resultate daarvan voldoen aan enigeen van die reekse minimum vereistes soos in regulasie 10 (5) voorgeskryf, moet elke individuele monster nogtans met die betrokke reeks vergelyk word en indien—

(i) die sapinhoud meer as 2 persent; of

(ii) die totale oplosbare vastestowwe meer as 0.5 persent; of

(iii) die suurinhoud meer as 0.05 persent; of

(iv) die verhouding van totale oplosbare vastestowwe tot suur meer as 0.4:1;

benede die betrokke reeks afwyk, moet die besending of tellingsgroep daarvan, na gelang van die geval, nie teenstaande die bepalings van subregulasies (1), (2) en (3), nogtans afgekeur word."

No. R. 1537

18 September 1970

REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING, VERPAKKING EN MERK VAN UIE BESTEM VIR VERKOOP IN SEKERE GEBIEDE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Die Staatspresident het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, gemaak met betrekking tot die gradering, verpakking en merk van uie bestem vir verkoop in sekere gebiede van die Republiek, ter vervanging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 430 van 16 Maart 1962, soos gewysig, wat hierby herroep word.

Hierdie regulasies is gemaak vir die doel van die verbod wat kragtens artikel 84 van genoemde Wet op die verkoop van uie in sekere gebiede opgelê is.

BYLAE

Woordomskrywings

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis, en beteken—

"besending", met betrekking tot uie, 'n hoeveelheid uie van dieselfde kultivar en van dieselfde graad wat op 'n bepaalde tydstip afgelewer word onder dekking van dieselfde vragbrief, afleweringsbrief, of ontvangsbewys,

(2) If the individual fruit in a consignment of lemons or count group thereof, is stamped with an identity mark, not less than 50 per cent of the number of fruit in the consignment or count group, as the case may be, shall be marked clearly, neatly and legibly with not less than 70 per cent of the number of letters constituting such identity mark: Provided that not more than 15 per cent of the number of fruit shall be without any legible impression of such identity mark or part thereof."

10. Regulation 32 is hereby amended by the substitution for the proviso to subregulation (2) of the following proviso:

"Provided that—

(a) in the case of a container containing less than 50 fruit, the total number of fruit in such container shall be deemed to be a sample which has been drawn at random;

(b) all fruit in the container shall be examined in respect of wastage."

11. Regulation 33 is hereby amended by the addition after subregulation (3) of the following subregulation:

"(4) If more than one sample of a consignment or count group thereof are tested and the average results thereof complies with any one of the series of minimum requirements as prescribed in regulation 10 (5) each individual sample shall nevertheless be compared with such series and if—

(i) the juice content deviates more than 2 per cent; or

(ii) the total soluble solids deviates more than 0.5 per cent; or

(iii) the acid content deviates more than 0.05 per cent;

(iv) the total soluble solids to acid ratio deviates more than 0.4:1;

below the series concerned, the consignment or count group thereof, as the case may be, shall, notwithstanding the provisions of subregulations (1), (2) and (3), nevertheless be rejected."

No. R. 1537

18 September 1970

REGULATIONS RELATING TO THE GRADING, PACKING AND MARKING OF ONIONS INTENDED FOR SALE IN CERTAIN AREAS OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

The State President has, under the powers vested in him by section 89 of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), made the regulations set out in the Schedule hereto, relating to the grading, packing and marking of onions intended for sale in certain areas of the Republic, in substitution of the regulations published by Government Notice R. 430 of 16 March 1962, as amended, which is hereby repealed.

These regulations have been made for the purpose of the prohibition of the sale of onions in certain areas imposed under section 84 of the said Act.

SCHEDULE

Definitions

1. In these regulations, unless inconsistent with the context, a word or expression to which a meaning has been assigned in the Act, shall have a corresponding meaning, and—

"consignment" in relation to onions, means a quantity of onions of the same cultivar and of the same grade delivered at any one time under cover of the same consignment note, delivery note or receipt note, or from the

of van dieselfde voertuig, of indien so 'n hoeveelheid van dieselfde graad ingedeel is in verskillende grootte-groepe, elke hoeveelheid van elk van die verskillende grootte-groepe;

"bederf", 'n toestand waar verrotting of swamontwik-keling deels of in die geheel, die kwaliteit van die ui beïnvloed;

"Departement", die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking;

"deursnee", die grootste dwars afmeting van 'n indi-
dule ui, gemeet reghoekig met 'n lyn wat van die
stingelent tot die wortelbasis strek;

"die Wet", die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968);

"gesond", vry van insekbeskadiging, insekbesmet-
ting of uitwendige of inwendige gebreke wat die kwaliteit
van die ui mag benadeel;

"groot houer", 'n houer in regulasie 7 (1) voorgeskryf;

"inspekteur", 'n persoon aangewys as 'n inspekteur
ingevolge artikel 85 van die Wet;

"klein houer", 'n houer in regulasie 7 (2) voorgeskryf;

"misvormd", dat die fatsoen van 'n ui van enige
cultivar nie kenmerkend van daardie cultivar is nie; en

"ui" die bol van die plant *Allium cepa*.

DEEL I

ALGEMEEN

Inspeksie

2. (1) 'n Inspekteur kan in 'n besending uie soveel
houers oopmaak en die inhoud daarvan ondersoek en
monsters van sodanige inhoud neem vir die doel van
verdere ondersoek of ontleding as wat hy nodig mag ag:
Met dien verstande dat 'n inspekteur by die toepassing
van regulasie 6, die hele inhoud van elke individuele
houer deur hom oopgemaak, moet inspekteur.

(2) 'n Inspekteur se bevinding met betrekking tot die
houers deur hom oopgemaak uit hoofde van die bepalings
van subregulasie (1) en die inhoud daarvan, geld as 'n
bevinding ten opsigte van die hele besending waaruit
sodanige houers getrek is.

Appel

3. (1) Iemand wat hom deur 'n beslissing of optrede
van 'n inspekteur veronreg ag, kan appèl aanteken teen
sodanige beslissing of optrede deur binne 12 uur nadat
hy van daardie beslissing of optrede in kennis gestel is,
'n kennisgewing van appèl by sodanige inspekteur in te
dien, en binne genoemde tydperk by die inspekteur of by
enige kantoor van die Afdeling Inspeksiedienste van die
Departement, 'n deposito van 7½c ten opsigte van elke
houer uie waarvoor die appèl gaan, te deponeer: Met
dien verstande dat die minimum bedrag van die deposito
R4 en die maksimum bedrag R20 is en met dien verstande
verder dat 'n afsonderlike deposito gestort moet word
ten opsigte van elke afsonderlike besending en indien die
kennisgewing van appèl en die deposito nie binne die
voorgeskrewe tydperk van 12 uur ingedien en gedeponeer
word nie, die appellant sy reg van appèl ingevolge hierdie
regulasie verbeur.

(2) 'n Inspekteur kan aan die uie ten opsigte waarvan
'n appèl aangeteken is, of aan die houers daarvan 'n
merk aanbring wat hy vir uitkenningdoeleindes mag
nodig ag, en sodanige uie mag nie sonder sy toestemming
van die plek waar dit geïnspekteer is of waar dit opgeberg
is, verwyder word nie.

(3) Die Sekretaris of 'n beampte van die Departement
deur hom benoem, wys 'n persoon of persone aan deur
wie oor so 'n appèl moet beslis, en sodanige persoon
of persone moet daarvoor beslis binne 48 uur (uitgesonderd
Sondae en publieke vakansiedae) na indiening daarvan,
en die beslissing van die aldus aangewese persoon of
persone is afdoende.

same vehicle, or if any such quantity of the same grade
is subdivided into different size groups, each quantity of
each of the different size groups;

"decay" means a state of decomposition or fungus
development, partly or completely affecting the quality
of the onions;

"Department" means the Department of Agricultural
Economics and Marketing;

"diameter", means the greatest transverse measurement
of an individual onion measured at right angles to a line
running from the stem to the root-base;

"inspector" means a person designated as an inspector
in terms of section 85 of the Act;

"large container", means a container prescribed in
regulation 7 (1);

"malformed" means that the shape of an onion of any
cultivar is not typical of that cultivar;

"onion", means the bulb of the plant *Allium cepa*;

"Small container" means a container prescribed in
regulation 7 (2);

"sound" means free from insect damage, insect infesta-
tion or external or internal disorders which may affect
the quality of the onion; and

"the Act", means the Marketing Act, 1968 (No. 59 of
1968).

PART I

GENERAL

Inspection

2. (1) An inspector may in any consignment of onions,
open as many containers and examine the contents thereof
and remove samples of such contents for the purpose of
further examination or analysis, as he deems necessary:
Provided that an inspector shall for the purposes of regula-
tion 6, inspect the whole of the contents of each individual
container opened by him.

(2) An inspector's finding in relation to the containers
opened by him by virtue of the provisions of subregulation
(1), and the contents thereof, shall apply as a finding in
respect of the whole consignment from which such con-
tainers were drawn.

Appeal

3. (1) Any person who feels aggrieved as a result of any
decision or action taken by an inspector may appeal
against such decision or action by submitting a notice of
appeal to an inspector within 12 hours after he has been
notified of that decision or action and depositing within
the said period with such inspector or at any office of the
Division of Inspection Services of the Department, a
deposit of 7½c in respect of each container of onions which
is the subject of the appeal: Provided that the minimum
amount of the said deposit shall be R4 and the maximum
R20 and provided further that a separate deposit shall
be lodged in respect of each separate consignment and if
the notice of appeal and deposit are not submitted and
deposited within the prescribed period of 12 hours, the
appellant shall lose his right of appeal in terms of this
regulation.

(2) An inspector may apply to onions in respect of
which an appeal has been lodged, or the containers thereof
any mark which he may consider necessary for identifica-
tion purposes and such onions shall not without his consent
be removed from the place where they were inspected or
where they are stored.

(3) The Secretary of the Department or an officer of
the Department nominated by him, shall designate a
person or persons who shall decide such an appeal, and
such person or persons shall decide such appeal within
48 hours (excluding Sundays and public holidays) after
it was lodged, and the decision of the person or persons
so designated shall be final.

(4) Die aldus aangewese persoon of persone moet die appellant of sy agent minstens twee uur kennis gee van die tyd en plek bepaal vir die verhoor van die appèl, en mag nadat die betrokke uie vertoon en uitgeken is en alle belanghebbendes aangehoor is, alle persone (met inbegrip van die appellant en sy agent en die inspekteur) gelas om die plek waar die appèl oorweeg word, te verlaat.

(5) (a) Indien 'n appèl gehandhaaf word, word die bedrag wat ten opsigte daarvan gedeponeer is, aan die appellant terugbetaal.

(b) Indien 'n appèl van die hand gewys word of as die uie waarop dit betrekking het nie vertoon word nie op die tyd en plek bepaal deur sodanige persoon of persone, word die bedrag wat ten opsigte daarvan gedeponeer is, verbeur.

DEEL II

GRADERING, VERPAKKING EN MERK

Gradering

4. (1) Daar is vier grade uie, naamlik Graad 1, Graad 2, Graad 3 en Ondergraad.

(2) Behoudens die toelaatbare afwykings in regulasie 6 voorgeskryf, is die vereistes vir die verskillende grade uie soos volg:

(a) *Graad 1.*—Die uie moet—

(i) gesond, skoon, droog, stewig, goedontwikkeld en van min of meer dieselfde vorm wees;

(ii) nie misvormd wees nie;

(iii) vry wees van uitgeloopde, dubbel- en diknek-bolle;

(iv) nie vergroen, pers of meer as effens perskleurig wees nie;

(v) vry wees van wortels wat langer as 12 mm is;

(vi) vry wees van bederf;

(vii) vry wees van saadstingels; en

(viii) vry wees van stingels en los skutblare:

Met dien verstande dat die stingels afgesny of afgeknip en nie afgetrek of afgebreek nie, moet wees.

(b) *Graad 2.*—Die uie moet—

(i) gesond, skoon, droog, stewig, goedontwikkeld en van min of meer dieselfde vorm wees;

(ii) nie misvormd wees nie;

(iii) vry wees van uitgeloopde, dubbel- en diknek-bolle;

(iv) nie pers wees nie;

(v) vry wees van wortels wat langer as 20 mm is;

(vi) vry wees van bederf;

(vii) vry wees van saadstingels; en

(viii) vry wees van stingels en los skutblare:

Met dien verstande dat die stingels afgesny of afgeknip en nie afgetrek of afgebreek nie, moet wees.

(c) *Graad 3.*—Die uie moet—

(i) redelik gesond, skoon, droog en stewig wees;

(ii) vry wees van bederf; en

(iii) vry wees van stingels wat langer as 25 mm is.

(d) *Ondergraad.*—Uie wat nie aan die vereistes voorgeskryf vir enige van die voormelde grade voldoen nie.

Groottegroepen

5. Behoudens die toelaatbare afwykings in regulasie 6 voorgeskryf, moet Graad 1 en Graad 2 uie in die volgende groottegroepen ingedeel word:

(a) *Groot.*—Uie wat meer as 90 mm in deursnee is.
